Die nuusbrief van die Nuwe Apostoliese Kerk Kaap

# African Joy

Uitgawe 2 Junie 2016

Gratis uitgawe



## Godsdiens: Stamapostel in Nigerië

## Die vrees van God en vertroue

## Streeknuus

# Stamapostel in Nigerië

**Die Nuwe Apostoliese Kerk in Nigerië het ongeveer 300 000 lidmate wat in meer as 1 000 gemeentes vergader. Op Sondag 10 Januarie 2016 het die stamapostel 'n godsdiens in Uyo in die suid-ooste van die land gehou. Gedurende hierdie godsdiens wat deur 4 100 broeders en susters bygewoon is, was apostel F Emanerame in die rus geplaas en vier nuwe apostels georden.**




My liewe broeders en susters, dit is vir my 'n besondere vreugde om in hierdie godsdiens saam met julle te wees. Hierdie jaar is die jaar van Oorwinning met Christus. Die eerste apostels en Christene moes politieke magte beveg wat nie saamgestem het met hulle nuwe geloof nie. Die Christene moes ook binne die Kerk 'n stryd voer, want sommige mense wou iets nuuts bedink en die apostels moes veg om hulle belering te vestig.

Jesus het reeds teen valse profete gewaarsku. Hy het gesê hulle is mense wat die woord van God verkoop. Hulle wou die naam en mag van Jesus Christus gebruik om wonderwerke te doen sodat hulle beroemd kon word en geld maak. Paulus en die ander apostels moes daarteen veg.

Vandag is dit nog steeds die geval. Party mense wil die mag en naam van Jesus Christus gebruik om ryk te word, maar dit is nie ons eerste besorgdheid nie. Ons moet die duiwel en valse profete die stryd aansê, want hulle wil iets anders as die waarheid van God verkondig.

Die slang het na Adam en Eva gekom en gesê: Julle kan soos God word; julle kan sonder Hom klaarkom. Vandag sien ons dit ook. Mense sê: Jy het God nie nodig om suksesvol te wees nie; jy het Hom nie nodig om ryk te word nie. Jy kan sonder God in jou lewe geluk en sukses smaak.

Dit was die duiwel wat na Jesus gekom het om Hom te versoek. Hy het voorgestel dat Jesus sy mag gebruik om sy daaglikse lewe op aarde te verbeter. Daar is geeste wat dit tans doen. Hulle sê: Julle is goeie Christene en besit groot geloof. As julle ware gelowiges is, sal julle nie siek word nie en julle sal suksesvol wees. Indien nie, is jul geloof nie sterk genoeg nie. Dié gees wil die aardse lewe met geloof in verband bring. Dit is 'n magtige gees wat groot invloed het, maar hierdie gees is 'n leuenaar!



Paulus het van 'n ander gees gepraat, wat sê: Jesus is nie God nie. Hierdie gees vertel ons dat Jesus nie die waarheid is nie, dat die evangelie nie geldig is nie, en dat daar 'n ander manier is om suksesvol te wees. Jy moet hierdie gees herken. Hy vertel ons dat die Meester sy koms vertraag en dat die jarelange prediking nie bewaarheid geword het nie. Hierdie gees wys ons ook op die onvolmaakthede van die apostels en sê: Moet hulle nie volg nie; hulle is nie ware apostels nie en hulle besit geen krag nie. Kom na ons en julle sal iets anders ervaar.

Hoe kan julle hierdie geeste oorwin? Ons lees hier: Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. Om hierdie geeste te oorwin, moet ons soos kinders word. 'n Kind weet: Ek het my ouers nodig om my te ondersteun, want daar is baie wat ek nie weet nie. Laat ons ware kinders van God wees met die wete: Ons het God nodig.

God en Jesus moet groot in ons wees sodat, wanneer die duiwel ons vertel om iets te doen, ons hom beantwoord met die woorde van ons Vader wat in ons hart leef. Dit is die geheim. Ons aanvaar die Here omdat die wet van God groot in ons hart geskryf staan. Ons volg die woord van God omdat ons heeltemal oortuig is dat dit die regte weg en die waarheid is. Die wet van God is deel van ons wese en sy word is groot in ons hart. En só kan ons hierdie gees verwerp.

Jesus het gesê: soek eers dit wat geestelik is. Jou siel en die koninkryk van God is belangriker as jou aardse lewe. Ons wil dus nie ons geloof vir aardse sake gebruik nie. Ons eerste wens en besorgdheid is om die koninkryk van God in te gaan en dit is waarom ons die Here volg.

Vandag is ons stryd teen hierdie geeste, maar die Een wat ons in ons hart het, is groter as enige gees. As God se kinders weet ons dat ons Hom nodig het en ons wil niks sonder Hom doen nie. Sy Woord bereik ons hart en ons is oortuig: Dit is die waarheid; dit is die weg waarop ons moet gaan! Ons glo Jesus het oorwin, en ons vertrou op sy oorwinning! Hierdie oortuiging leef in ons hart en ons wag met geduld totdat die Here weer kom. Amen.

(Verkort)

"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.
Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is."

1 Johannes 4:1&4

# Die vrees van God en vertroue

My liewe Broeders en Susters,

Die leuse vir 2016 is "Oorwinning met Christus". Dit geld – en miskien hoofsaaklik so – vir ons daaglikse lewens. So 'n leuse het vele aspekte en ek wil hier op 'n sleutel-aspek fokus: Om met Christus te oorwin, verg die vrees van God en vertroue. Om God te vrees, beteken om Hom te respekteer en 'n diepe eerbied vir Hom as ons Skepper en hemelse Vader te hê. Laat ons Hom solank ons leef vertrou, selfs in die slegte tye.

Hier volg voorbeelde uit die Bybel wat dit toon:

- Josef se vrees van God het hom gehelp om sonde te oorwin. Hy was toegewy aan God en het geweet God is by hom. Toe Potifar se vrou hom probeer verlei, het hy haar toenadering weerstaan. Selfs in die gevangenis, deur almal vergete, het hy aan God getrou gebly. Uiteindelik het God tussenbeide getree en hy is vrygelaat. Ons weet dat God alles sien en weet. Laat ons die sonde dus vermy en Hom vertrou. Hy sal ons nie vergeet nie!

- Moses was 'n man wat volkome vertroue gehad het in al God se dade. Hy het Faro die stryd aangesê wat aanvanklik tevergeefs gelyk het. Moses het die Egiptiese koning nege keer gevra om die volk te laat gaan, en elke keer het hy geweier. Moses het egter nog steeds op God vertrou. Uiteindelik het hy die volk beveel om gereed te maak om Egipte te verlaat. Almal was gehoorsaam en God het hulle bevry.

Hoe gaan dit vandag? Hoe dikwels het ons nie die mag van God ervaar nie! Ten spyte van al die aanvalle van die Bose Een, laat ons God vertrou en Hom gehoorsaam. Binnekort sal ons eens en vir altyd van die Bose vry wees.

- Paulus moes 'n gedaantewisseling ondergaan. Alles wat so belangrik vir hom was, het hy in twyfel getrek en het skielik irrelevant geword. Hy het egter in God geglo en op Hom vertrou, sodat hy voortgegaan het om 'n instrument in God se hand te wees en die Kerk van Christus na verlossing gelei het. Die Seun van God het Paulus as 'n apostel beopdrag om die evangelie aan die wêreld te gaan verkondig.

Sake is vandag soortgelyk vir ons. God stuur ons die wêreld in om die goeie tyding van die opstanding, hemelvaart en terugkeer van Jesus te verkondig. Christus sal terugkeer. Dit is wat Hy belowe het!

Laat ons God uit diepe eerbied gehoorsaam en dit in alle omstandighede van die lewe doen. Ons besef dat God alles sien en weet. Ons kan Hom vertrou. Dit sal ons die oorwinning met Christus bewerkstellig!

Tesame met al die apostels wêreldwyd stuur ek hartelike groete,

Jean-Luc Schneider

# Lewe na die dood

**Is daar lewe na die dood?**
Ja. Die mens is beide 'n liggaamlike en 'n geestelike wese. Hy is 'n wese wat uit liggaam, siel en gees bestaan. Die mens se liggaam is sterflik en is dus verganklik. Dit is geneem uit die aarde en sal na die aarde terugkeer (vgl. Genesis 3:19). Siel en gees, daarteenoor, bly lewe na die liggaamlike dood, en is dus onverganklik. Die indiwidualiteit van 'n mens – dit wil sê, sy wese, dit waaruit hy bestaan, en dit wat hy ondervind, gevoel en geglo het, asook dit waaraan hy gedink het – bly voortbestaan na sy liggaamlike dood.
*"Want God het die mens vir ewige lewe geskape, en het hom tot 'n beeld gemaak dat hy gelyk sal wees soos hy is" (Wysheid van Salomo 2:23).*

**Wat is die dood?**
Daar is 'n verskil tussen die liggaamlike dood en die geestelike dood van 'n mens. Liggaamlike dood dui aan die einde van lewe op aarde. Wanneer dit gebeur, verlaat die siel en die gees die liggaam. Geestelike dood is die skeiding van 'n mens van God. Dit is die gevolg van sonde. Wanneer die Bybel melding maak van die "tweede dood" (Openbaring 20:6; 21:8), verwys dit na die skeiding van God wat plaasvind na die Laaste Oordeel.
*"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23).*

**Wie het mag oor die dood?**
Die drie-enige God is Here oor die lewe en die dood. Jesus Christus het deur sy opstanding die dood oorwin. Daardeur het Hy aan die mens toegang verleen tot die ewige lewe: *"...ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie" (2 Timótheüs 1:10).*

**Van watter betekenis is Jesus Christus se opstanding?**
Die opstanding van Jesus Christus vorm die grondslag vir die opstanding van die dooies. Aangesien Hy opgewek is, sal die dooies ook opgewek word, *"sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik" (Daniël 12:2).*
*Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word" (1 Korinthiërs 15:51-52).*

**Verskyn daar in die Heilige Skrif enige verwysings na lewe na die dood?**
Daar is alreeds in die Ou Testament 'n aanduiding van 'n lewe ná die liggaamlike dood. In die Nuwe Testament word dit by verskeie geleenthede bekragtig. Ons lees, byvoorbeeld, soos volg in 1 Petrus 3:19-20:
*"in wie Hy [Jesus Christus] ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is."*

*vervolg op bladsy 8*

# Wees lief vir jul vyande
## (Lukas 6:27-36)

*Nadat Jesus sy twaalf apostels geroep het, het Hy met die mense gepraat. Hy het aan hulle verduidelik hoe hulle behoort op te tree.*

Julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat. Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig.

Aan hom wat jou op die wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied.
Aan hom wat jou bo-kleed neem, moet jy ook die onderkleed nie weier nie.
Gee aan elkeen wat jou iets vra.
Eis jou goed nie terug van hom wat dit neem nie.
Soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen.
Wat is so spesiaal daaraan as jy hulle liefhet wat vir jou lief is?
Almal is lief vir hul vriende.
Wat is so spesiaal daaraan as jy goed doen aan hulle wat aan jou goed doen?



Almal tree so op.
Wat is so spesiaal daaraan om iets te gee aan hulle van wie jy hoop om terug te ontvang?
Almal doen dit.
Wees lief vir jul vyande en doen goed aan hulle. Gee aan hulle wat jul niks kan teruggee nie.

God sal julle dan beloon. Julle sal kinders van die Allerhoogste wees. God is goed selfs teenoor hulle wat ondankbaar en wreed is.
Wees jammer vir ander net soos God jul Vader vir julle jammer is.

Die gebod om ons vyande lief te hê, is deel van 'n langer preek wat Jesus aan die mense gelewer het. In die evangelie van Lukas lees on van 'n preek wat Hy op 'n gelyk plek gehou het. Dit word daarom dikwels die Vlaktepredikasie genoem. Dit is soortgelyk aan die Bergpredikasie wat in Matthéüs opgeteken staan. Beide begin met die saligsprekinge, gaan voort met die gebod om jou vyande lief te hê en sluit dan af met die waarskuwing om dit te doen wat gehoor is.



*vervolg van bladsy 5*

**Waar bevind die mens hom ná die liggaamlike dood?**
Die siel en gees van die afgestorwe mens gaan die doderyk binne. Ons beskryf dit ook as "die hiernamaals".

**Bestaan daar 'n reïnkarnasie van die dooies?**
Nee. Enige opvatting van 'n herhaalde lewe op aarde (reïnkarnasie), of dit nou 'n mens, dier of plant is, is teenstrydig met die Bybelse verklarings en dus ook met die inhoud van die evangelie: " ... soos die mense bestem is om een maal te sterwe" (Hebreërs 9:27).
*Die begrip "reïnkarnasie" verwys na verskillende opvattinge – waarvan geen daarvan in ooreenstemming met die Christelike leer is nie – oor herhaalde menslike voortbestaan in verskeie vorme op aarde.*

**Kan ons in verbinding tree met die ontslapenes?**
Deur aan die ontslapenes te dink en vir hulle te bid, handhaaf ons 'n verbinding met hulle. Dit word deur God verbied om pogings aan te wend om met die ontslapenes in verbinding te tree deur sieners, en is dus 'n sonde: "Daar mag niemand by jou gevind word ... wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel (Deuteronómium 18:10-12).

**In watter toestand bevind die siele hulle in die hiernamaals?**
Die toestand van die siele in die hiernamaals is 'n aanduiding van hul nabyheid tot, of verwyderdheid van God. Die siel van die mens het geen veranderinge ondergaan vanweë die liggaamlike dood nie. 'n Persoon word nie net op hierdie aarde gekenmerk deur geloof of ongeloof, versoening of onversoenbaarheid, liefde of haat nie, maar ook in die hiernamaals.
Hierdie toestand geniet ook aandag in Jesus se gelykenis van die ryk jongman en die arm Lasarus (Lukas 16:19-31), wanneer Hy praat van 'n plek van veiligheid en 'n plek van pyniging. Die ontslapenes kan bewus word van hul toestand. Diegene wat pyniging ervaar, kan hoop op hulp.

**Kan die toestand van die siele in die hiernamaals verander word?**
Ja. Sedert Christus se opoffering is dit moontlik om die toestand van die siele in die hiernamaals gunstig te verander. Na sy dood het Jesus Christus neergedaal na die doderyk en daar gepreek. Die verkondiging van die evangelie dui op 'n geleentheid – vir diegene wat dit in geloof aanvaar – om te verander. Die mens kan dus verlossing ook ná die liggaamlike dood ontvang.

**Hoe is dit moontlik vir siele in die hiernamaals om te verander?**
Siele in die hiernamaals wat nog nooit van die evangelie gehoor het nie, wie se sondes nooit vergewe is nie, en wat nooit die sakramente ontvang het nie, bevind hulle in 'n toestand van verwyderdheid van God. Hierdie toestand kan slegs oorkom word deur geloof in Jesus Christus en sy opoffering, en deur ontvangs van die sakramente.

**Kan ons bydra tot die verlossing van die ontslapenes?**
Ja, ons kan in gebed vir die onverloste siele voorspraak doen en die Here vra om hulle te help. Ons kan ook bid dat hierdie siele in Jesus Christus begin glo en dat hulle ontvanklik en bereidwillig moet wees om die verlossing te aanvaar wat God graag aan hulle wil skenk. Aangesien beide die lewendes en die dooies in Christus 'n enkele gemeenskap uitmaak, sal hulle beide hier en in die hiernamaals in die gesindheid van Christus werk, met ander woorde, hulle sal in gebed voorspraak doen vir die onverlostes.
Redding kan egter slegs deur Jesus Christus geskied.

# Bediening met liefde, nederigheid en vreugde

('n Onderhoud met apostel Lambert gepubliseer in die Unsere Familie Nr. 5, 5 Maart 2016)

**Hoe en wanneer het jou liefde vir musiek ontwikkel?**
As kind is ek slegs aan kerkmusiek blootgestel. My ouers het dit geniet om tuis kerkgesange te sing, en ek het lief geword vir hierdie gesange. Ek het egter nie toegang gehad tot professionele musiek-onderrig nie, want daar was 'n gebrek aan fasiliteite in die dorp waar ek grootgeword het.

**Hoe het jou musiekloopbaan dan ontwikkel?**
My belangstelling in musiek het in my tienerjare ontwikkel, maar ek het geen voorneme gehad om dit my beroep te maak nie. Ek het beplan om 'n rekenmeester te word, en het my skoolvakkke dienooreenkomstig gekies. Toe ek die skool verlaat het, het ek op die nippertjie besluit om musiek te bestudeer. Weens 'n leemte aan musiek-onderrig het ek nie aan die tegniese vereistes voldoen om musiek op universiteit te studeer nie. Die professore was onwillig om my as 'n student te aanvaar en het vir my gesê dat ek geen kans het op sukses nie.
Terwyl ek gestudeer het, was ek ook aktief in die gemeente as 'n onderdiaken, Sondagskoolonderwyser, koorleier en orrelis. Met harde werk en die Here se hulp het ek vier jaar later gegradueer. Vir my was dit 'n groot geloofsondervinding: God het iets moontlik gemaak wat kundige en ervare mense gedink het onmoontlik is. Hierdie ondervinding het 'n bron van krag en gerusstelling vir my geword toe ek voor ander uitdagings in my lewe gestaan het. Ek het 2½ jaar lank by 'n skool klasgegee voordat ek by die administratiewe kantoor van die Kerk in diens geneem is.



**Watter instrument(e) bespeel jy? Komponeer jy ook musiek?**
Ek het klavier, orrel en koorleiding bestudeer. As musikant het ek hoofsaaklik koorwerk gedoen, maar die grootste deel van my tyd is bestee aan die koördinering van musiek in die distrikskerk.
Vroeër jare het ek 'n paar koorgesange geskryf, en meer onlangs het ek 'n aantal gemeentegesange vir die Engelse gesangboek geskryf. Om te komponeer, is nie vir my persoonlik 'n prioriteit nie. Gelukkig het ons 'n groep talentvolle komponiste in ons distrikskerk en ons mentor ook nuwe komponiste.

**Jy staan aan die hoof van die musiek-afdeling van NAK-Kaap se administrasie en is verantwoordelik vir al die musiek-aktiwiteite van die distrikskerk. Watter aspekte is deel van jou taak?**
Opsommend is my taak om musiek-aktiwiteite te lei, betuur en ontwikkel sodat dit die missie van die Kerk en die doelwitte van die distrikskerk ondersteun. Dit behels die leiding en koördinering van musiekstrukture en –aktiwiteite in alle gemeentes, opleiding en ontwikkeling, konsert optredes, spesiale geleenthede, opname produksie, publisering van musiek, departementele administrasie, bate onderhoud en logistiek, sowel as die samewerking met entiteite buite ons Kerk.

**Het jy al as musiekleier 'n ondervinding gehad wat 'n spesiale indruk op jou gelos het?**
Ek het die genade gehad om deel te wees van so baie groot geleenthede dat dit moeilik is vir my om een uit te sonder. Buitendien, wanneer iemand die Here op 'n spesiale manier ondervind, blyk dit nie noodwendig indrukwekkend te wees vanuit 'n menslike standpunt nie. Wat vir my uitstaande is, is hoe die Here sy hulp en teenwoordigheid

in ons aktiwiteite getoon het – oor en oor opnuut.

**Watter musiekprojekte is tans aan die gang?**
Ná die vrystelling van die Engelse gesangboek is ons nou besig om te werk aan nuwe gemeentegesangboeke in die ander tale wat in ons distrikskerk gebruik word, naamlik, Afrikaans, Lozi en Xhosa. Daarby sal ons ook begin werk aan 'n nuwe koorbundel. Dit is groot projekte wat jare lank sal neem om te voltooi. Ons werkgroep van komponiste speel 'n hoofrol in hierdie projekte, aangesien ons soveel plaaslik gekomponeerde musiek as moontlik in hierdie gesangboeke wil insluit.

**Word daar 'n reeks konserte beplan? Is daar spesiale geleenthede in die vooruitsig?**
Elke jaar het ons konserte vir sekere uitgenooide Nuwe Apostoliese gehore, sowel as publieke konserte wat, soos die naam impliseer, aan die publiek toeganklik is. Ons publieke konsert op Goeie Vrydag het nou al 'n jaarlikse instelling geword, alhoewel ons dit hierdie jaar as 'n uitsondering op Paassondag gehou het.
'n Spesiale hoogtepunt is die konsert wat vir Desember 2016 gedurende die besoek van stamapostel Schneider aan Kaapstad beplan word. Hierdie konsert sal deur ons kinderkoor en orkes aangebied word by die amfiteater op die Spier wynlandgoed in Stellenbosch. Gedurende Oktober 2016 sal ons ook gasheer speel vir 'n konsert deur 'n jeugorkes van Switserland waaraan 'n jeugkoor van Kaapstad sal deelneem.
Ons is van plan om, onder andere, 'n musiek DVD van ons Advent 2015-konsert vry te stel om saam te val met die besoek van die stamapostel.



**Sal jy voortgaan in jou funksie as musiekbestuurder ten spyte daarvan dat jy nou 'n apostel is?**
Distriksapostel Barnes het my gevra om voorlopig voort te gaan om die musiekbestuurder te wees. Dit sal op 'n gepaste tyd in die toekoms verander.

**Jy sal hierdie taak dan seker verskriklik baie mis?**
Musiek sal altyd na aan my hart wees. Dit is egter nou al amper drie dekades lank dat ek in hierdie funksie werk en ek glo dat 'n verandering nodig is. My fokus het breër geword in die afgelope jare waartydens ek my studies in sakebestuur voltooi het. Ek is lief daarvoor om die gawes en talente van ander in die werk van God betrokke te kry; dit sluit in die ontwikkeling van dirigente vir die toekoms. Wanneer ek sien hoe hulle selfs beter werk doen as ek, word dit vir my makliker om dit nie te mis nie.

**Watter raad het jy vir musikante in ons Kerk?**
Ons liefde vir die Here behoort groter te wees as ons liefde vir musiek. Dit sal ons help om te volhard in die diens van die Here selfs wanneer ons moeilikhede en teleurstellings teëkom. Wanneer ons eerstens deur ons liefde vir musiek gedryf word, loop ons die gevaar dat ons tou opgooi wanneer dinge nie verloop soos ons dit wil hê nie. Daar is ook die gevaar dat ons ons eie prioriteite bo die Here s'n verhef. In die oë van God is die musiekaspek nie belangriker as ander take wat minder sigbaar, glansryk en gespesialiseerd is nie. Hy verwag dat ons almal met liefde, nederigheid en vreugde dien. Daar sal geen verskil wees in die beloning wat ons van Hom sal ontvang nie.




Avondale


Brakenfell


Gelvandale


Ngweze

# Konfirmasie

Op Sondag 10 April 2016 het konfirmasie-dienste dwarsoor die Kaapse distrikskerk plaasgevind. Oor die 4 200 konfirmante het 'n eed afgelê om die Here te dien en sodoende tot geestelike volwassenheid oorgegaan.
Die Bybelwoord vir hierdie godsdiens was Lukas 9:11 waar ons lees: "Maar die skare het dit te wete gekom en Hom gevolg; en Hy het hulle ontvang en met hulle gespreek oor die koninkryk van God, en die wat genesing nodig gehad het, gesond gemaak."
Die jong volwassenes is aangemoedig om naby aan Jesus te bly en om sy voorbeeld te volg, sodoende sal hulle altyd volgens sy wil die hulp ontvang wat hulle nodig het . Hulle is ook bewus gemaak dat, deur te sweer dat hulle Jesus sal volg, hulle uitdrukking gee aan hul vasbeslotenheid om sy wette te gehoorsaam, Hom as 'n rolmodel te aanvaar, en daagliks te streef om sy koninkryk te beërwe.
Ná die godsdienste op hierdie spesiale dag het die konfirmante 'n brief van stamapostel Jean-Luc Schneider ontvang. In sy boodskap het hy hulle daaraan herinner dat God altyd groter is as wat ons dink. Alle konfirmante is 'n koorbundel as geskenk gegee op hierdie mylpaal in hul geestelike lewe te herdenk, en toe was dit tyd om die gebeure op foto's vas te lê.


Rosedale


Rustdene


Vredendal


Windhoek

## Godsdiens vir die ontslapenes

Op Sondag 3 Julie 2016 sal ons weer eens 'n godsdiens vir die ontslapenes ervaar. Hierdie geseënde Nuwe Apostoliese tradisie vereis 'n spesiale voorbereiding van elke gelowige, terwyl ons bid dat onverloste siele saligheid mag vind. Mag die tyd voor hierdie godsdiens geseënde oomblikke en onvergeetlike ervarings inhou.

## Lewende voordele

Gedurende 2015 het die NAK Begrafnisfonds die voordele van polishouers aangevul sonder dat daar enige addisionele koste aan die bestaande premie was nie. Hierdie voordele voorsien hulp waar regsdienste en traumaberading benodig word.

Tot op datum, is daar vele lidmate wat verslag gedoen het dat hulle goeie diens ontvang het toe hulle om hulp geroep het. Indien u van die Lewende Voordele gebruik wil maak, hoef u net 0860 555 992 te skakel. Verstrek dan u Begrafnisfonds-lidmaatskapsnommer en u sal die nodige bystand ontvang.

## Uittredes



Op Sondag 3 Julie 2016 sal opsiener K Schoeman, wat vir die Tafelsig opsienersgebied verantwoordelik is, deur distriksapostel N Barnes gedurende 'n godsdiens in Tafelsig in die rus geplaas word.

Daarbenewens, sal apostel W Diedericks op 31 Julie deur die distriksapostel in aftrede geplaas word. Hierdie godsdiens sal in Kensington-Sentraal plaasvind. Laasgenoemde godsdiens sal uitgesaai word na al die gemeentes op die Kerk se transmissienetwerk.



## Elektroniese offerande

Lidmate word om die ontwil van sekuriteit aangemoedig om dit te oorweeg om gebruik te maak van die drie beskikbare metodes van elektroniese offerande:

1. Aftrekorders van bankrekeninge na die Kerk se bankrekening.
2. Oor die toonbank depositos in die Kerk se bankrekening.
3. Elektroniese/Internet bank oorplasings in die Kerk se bankrekening.

Die Kerk se bankrekening besonderhede is soos volg:
Begunstigde: Nuwe Apostoliese Kerk Kaap
Bank: Standerd Bank van SA Ltd
Tak: Konstantia, Kaap
Rekeningnommer: 071820175
Takkode: 025309
Verwysing: (Vier syfer gemeentekode)